

Week 9 en 10 (28 Sep – 9 Okt)

Aanbeveling: Doen 2 of 3 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

Wiskunde

- Oefen om in 2'e te tel tot by 10. Gebruik tellers om groepies van 2'e te maak.
- Hersien die dae van die week
- Verryking: Skryf die dae van die week se name neer op 'n papier en laat die leerder dit organiseer. Herinner hulle om na die beginklankie te kyk. Dit kan op 'n prettige manier gedoen word bv. om dit op legoblokkies te plak met wondergom. Vra vrae soos watter dag is vandag/gister/môre
- Oefen getalname een tot ag. Teken die regte hoeveelheid kolle/prentjies by.

LW: ons leer die getalnaam 8 as **ag** aan, maar ons noem dat dit ook as **agt** uitgespreek of geskryf kan word.

Huistaal

- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die f - klank
- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die e - klank
- Gebruik die robot-kaarte om die korrekte skryfwyse in te oefen.
- Klanke-skattejag: Kies een bladsy in 'n tydskrif, koerant of enige ander geskrewe bladsy waarop die maat kan skryf. (Knip net 'n gedeelte van 'n berig uit, dit moet nie 'n hele bladsy vol wees nie.)
- Gee nou vir die maat 5 verskillende kryte. Skryf vir hulle op 'n wit bladsy die volgende 5 klanke elk in 'n ander kleur: bv **h**, **g**, **s**, **f**, **e**.

- Hulle moet nou twee van elke klankie soek op die bladsy en dit in die regte kleur omkring.
- Dink aan woorde wat met elke klankie op die wit bladsy begin. Teken 'n prentjie van daardie woorde rondom die klankies.

Doen en Leer

Die groenboek se tuiswerk strek oor 2 weke. Net vir die 5 dae wat die leerder tuis gebly het, moes 2 bladsye op 'n slag voltooi word. Die idee is nie om die leerders met werk te oorlaai nie. Indien u pligsgetrou op datum bly en net die nodige 2 bladsye op 'n dag doen sal die werk nie te veel wees nie.

- Voltooi en haal in: Week 28

Slegs leerders met komorbiditeite

Slegs die leerders met komorbiditeite wat boeke kom afhaal het, voltooi ook die volgende werk. Hierdie werk word met die res van my klasmaats gedurende klastyd behandel.

1. Spogboek: Voltooi asb. Kwartaal 3 se volgende bladsye:

- Gesonde leefwyse,
- Hospitaal

2. Kwartaal 3 DBE Rooiboek

- Voltooi bl. 42 - 50

3. Maak asb. kontak met die klasonderwyser om seker te maak of daar vir die week ekstra kunswerk by die skool afgehaal moet word. Die werk sal voorsien word waar moontlik.